


G E R E F O R M E E R D E  
S K O O L D I R K  
P O S T M A

# DIRKIELAND

## INLICHTINGSTUK



1. Prosedure rakende aansoek.....	4
2. Grade en personeel.....	4
3. Finansies.....	4
3.1 Skoolgelde.....	4
3.2 Persoonlike inligting.....	5
3.3 Skoolverlaters.....	5
4. Dirkie-kalender 2025.....	6
5. Skooltye.....	6
6. Buitemuurse aktiwiteite.....	7
7. Benodigdhede.....	8
8. Dagprogram vir Graad RRRR (Goggatjie-klas) en algemene inligting.....	8
8.1 Graad RRRR-dagprogram.....	9
8.2 Bottels en fopspene.....	9
8.3 Etenstyd.....	10
8.4 Slaaptyd.....	10
8.5 Toiletonderrig vir 2-3-jariges.....	10
9. Dagprogram vir Graad RR-RRR.....	11
10. Dagprogram vir Graad R.....	11
11. Dirkie-kurrikulum.....	12
12. Lys van Psalms.....	12
13. Algemene riglyne en vereistes.....	13
13.1 Aanpassing.....	13
13.2 Aankoms en vertrek.....	13
13.3 Afvalmateriaal.....	13
13.4 Afwesighede.....	13
13.5 Assessering.....	13
13.6 Barmhartigheid (Dirkies gee om).....	14
13.7 Beserings.....	14
13.8 Dissipline.....	15
13.9 Fondsinsamelings.....	16
13.10 Gradeplegtigheid - Graad R.....	16
13.11 Herwinning.....	16
13.12 Instappies en spesiale dae.....	16
13.13 Klasfoto's, foto's, sportfoto's en DVD.....	16
13.14 Klasse.....	17
13.15 Kommunikasie middele.....	17
13.16 Kopluisse.....	18
13.17 Kurrikulum.....	18
13.18 Kleredrag en tasinhoud.....	19
13.19 Konsert of Revue.....	20
13.20 Medikasie en allergieë.....	20
13.21 Naskool.....	21
13.22 Ouerkomitee.....	21
13.23 Siek kinders.....	22
13.24 Son.....	22
13.25 Speelterrein en speelyd.....	22
13.26 Speelgoed.....	22
13.27 Terapeutiese dienste.....	23
13.28 Versnaperings.....	24
13.29 Verjaarsdae.....	24
13.30 Veiligheid.....	25
13.31 Wys-en-vertel.....	25
14. Wat ek alles gereed moet hê vir die eerste dag van skool.....	25



Beste ouers

Baie welkom by Gereformeerde Skool Dirk Postma se eie kleuterskool, Dirkieland. Hier is dit vir ons belangrik om ook die kleinste maatjies, van twee jaar oud te onderrig in die weë van die Here.

Die gesin en die skool en die kerk werk in elke fase van hierdie skool saam om die kinders aan ons toevertrou te versorg, op te voed en toe te rus vir hulle lewenstaak. Hierdie vorming begin in die gesin, reeds voor geboorte en word onder andere ook in die skool voortgesit.

In die kleuterskool is goed toegeruste onderwysers wat die behoeftes van u kleuter verstaan om deur middel van ouderdomsgepaste aktiwiteite en roetines hulle te onderrig, koester en te versorg.

Dit is hier, waar kleuters in ooreenstemming met wat in die gesin gedoen word, liefde in oorfloed ontvang en ervaar, wonderlike vriendskapsbande bou en sosialiseer, waar elkeen leer dat hulle uniek en spesiaal is en waar elkeen speel-speel leer. Die norme en waardes vanuit die Skrif is baie belangrik en dit vloei deur al die leerareas asook die interaksie met mekaar.

Daar word na uitnemendheid as 'n spesifieke doel vir Gereformeerde Skool Dirk Postma gestreef, dit geld ook vir Dirkieland. Kleuters word geleer om te ontdek en kritiese denkvaardighede te ontwikkel, woordeskat word uitgebrei en kreatiwiteit word aangemoedig. Hul Bybel-en algemene kennis en vaardighede word daaglik ontwikkel. Geleidelik ontwikkel hulle die basis om later te kan onderskei tussen tegnologie en oorspronklike natuur; tussen siekte en gesondheid; tussen gebrek en oorfloed; tussen reg en onreg; tussen onkunde en insig; tussen man en vrou; tussen ouers en kinders.

Om uitnemendheid by die kleuters aan te moedig, word geleentheid gegee vir uitbundige fisieke spel, die aanbied van wonderlike temas, uitdagende projekte, kreatiewe denke, musiek en stories. Alles geïntegreer met die Skriftuurlike waardes waarbinne ons hierdie jong kindertjies vorm, oplei en uitbeitel. (Psalm 144: 12)

Van elke kleuter word verwag om vreesloos en sonder huiwering deel te neem aan alle aktiwiteite. Om ons in staat te stel om hierdie hoë standaard te bereik, is dit nodig om reëls in plek te hê tot voordeel van ouers, kinders en personeel. Hiermee dan ook 'n volledige inligtingsboekie wat alle kleuterskoolsake, naamlik die dagprogram, fooie, ure en ander noodsaaklike reëls en inligting, deel.

## Algemene inligting:

### 1. Prosedure rakende aansoek om toelating:

‘n Dirkie-aansoekvorm is beskikbaar op die skool se webwerf. U hoef slegs die aansoekvorm eenmalig in te vul aangesien die vorm oorgedra word na die Laerskool. Nadat ons die aansoekvorm ontvang het, sal u ooreenkomstig die toelatingsprosedure in kennis gestel word of u kind aanvaar word.

Vir eerste ouers is ‘n inskrywingsfooie van R1,500 elektronies betaalbaar. Stuur asseblief die bewys van betaling saam met die aansoekvorm. Op die faktuur word u voorsien van ‘n familiekode. Gebruik asseblief altyd hierdie familiekode as verwysing met betalings.

Al die finansies word deur ons finansiële afdeling behartig.

### 2. Grade en personeel

Groep	Klas	Onderwyseres	Assistent
Graad R	Vissies	Mev Elani J van Rensburg	Geen
Graad R		Mev Elske Pretorius: Departementshoof	Geen
Graad RR	Skoenlappers	Me Christina Bakker	Geen
Graad RRR	Sterretjies	Me Tanya du Plessis	Geen
Graad RRRR	Goggatjies	Mev Michelle Harenberg	Geen
Assistent	Geen	Mev Michelle Verhoef	Vir almal
Skoonmaakster	Geen	Geen	Me Maria Movundlela

## Finansies

### 3.1 Skoolgelde

- Skoolgelde kan per debietorder, EFT, kaart, d6 of Snapscan betaal word. Debietordervorms is beskikbaar by finansies@gsdp.org.za.
- Voltooi en handig in by die ontvangs.
- Skoolgelde is maandeliks vooruit betaalbaar x 12 maande teen die 1ste van die maand.
- Gebruik ALTYD u FAMILIEKODE as verwysing met die betaling van skoolgelde.
- Kontak mev Irene van der Meer (GSDP-Finansiële Bestuurder - in die laerskoolkantoorblok) vir enige finansiële navrae. Laerskoolkantoorure: 08:00 - 13:30).
- Vermy kontantbetalings - dit is vir u eie en die personeel se veiligheid.

1. Skoolfonds betaalbaar vir **12 (TWAALF)** maande.
2. Die berekening vir skoolfonds begin by die hoërskool, dan laerskool en laastens kleuterskool.
3. Indien u die glyskaal wil betaal moet u 'n e-pos stuur aan **finansies@gsdp.org.za** en **tesourier@gsdp.org.za**.

**Skoolfonds is eerste kind-tarief vir elke kind tensy u aansoek gedoen het vir glyskaal.  
 Registrasiefooi: R 1 500,00 (eenmalig - per nuwe gesin)**

<b>1ste leerder</b>	R2,743
<b>2de leerder</b>	R2,194
<b>3de leerder</b>	R823
<b>4de + leerder</b>	R274
	GR RRRR Minimum R950

**Bankbesonderhede:**  
 BANK: ABSA  
 TAKKODE: 632005  
 TIPE REKENING: Tjek  
 REKENINGNAAM: GSDP  
 REKENINGNOMMER: 90159801  
**VERWYSING:** **Familiekode**

Nasorgsentrum	1ste leerder	2de leerder	3de+ leerder	Dagtarief
Maandelikse tarief vir 12 maande	R960	R630	R480	R80
<b>Registrasiefooi: R250,00 eenmalig per nuwe gesin</b>				



### 3.2 Persoonlike inligting

Stel die kleuterskool onmiddellik in kennis indien u persoonlike inligting verander (adres, telefoonnommers, ensovoorts).

### 3.3. Skoolverlaters

U moet een kalendermaand skriftelik kennis gee indien u kleuter die skool gaan verlaat. 'n Skoolverlatervorm moet voltooi word en ingedien word by die ontvangs. Oktober is nie 'n kennismaand nie. U sal tot Desember moet betaal indien u kind 30 November die skool verlaat.

Rekeninge word uitgestuur aan die begin van elke maand en moet voor of op die 1ste van die maand vereffen word. Indien dit nie geskied nie, sal 'n aanmaning aan u gestuur word. Na verdere versuim om te betaal voor die 15de van die maand sal u reëlings met die administrasie moet tref om u kind se plek in die skool te verseker (Sien Finansiële Ooreenkoms soos onderteken).

#### 4. Dirkie-kalender 2025

Kwartaal	Skool open	Skool sluit
Kwartaal 1	13 Januarie: Personeel 15 Januarie: Leerders	28 Maart
Kwartaal 2	8 April	27 Junie
Kwartaal 3	22 Julie	3 Oktober
Kwartaal 3	13 Oktober	3 Desember

#### 5. Skooltye

Oggendwagklas en ontvangs	7:00 - 7:40
Aankoms en vryspel	7:40 – 8:00
Dagprogram	8:00-13:00
Afhaal	13:00-13:30
Middagwagklas	13:30-14:00



- Publieke vakansiedae, skoolvakansiedae en skoolvakansies is die kleuterskool gesluit.
- Op die dae wat die skool vir vakansies sluit, kom die skool 11:00 uit.
- ‘n Vriendelike versoek word aan u gerig om asseblief betyds te wees.
- Ons formele dagprogram begin stiptelik 8:00 en eindig 13:00.
- Kleuters verdaag vanaf 13:00 – 13:30.
- Daar is ‘n wagklas vanaf 13:30 – 14-00.

Indien kleuters laat arriveer of te vroeg gehaal word, word die hele klas ontwrig. Dit is ook soggens belangrik dat hulle kans kry om deel te neem aan die vryspelaktiwiteite, voordat die dagprogram amptelik begin. Ons personeel het ongelukkig ander verpligtinge in die middag en kan derhalwe nie na skoolure na u kleuter kyk nie. Skryf gerus u kind by die nasorg in indien u na skoolure nog toesig verlang.



**Toestemming:** 'n Eenmalige toestemmingsbrief is nodig om ons in te lig dat 'n ouer boetie / sussie of oupa / ouma die kleuter as 'n staande reël in die middag haal. Ouers moet die personeel op die WhatsApp-groep in kennis stel as iemand anders u kleuter gaan haal. Enige ander persoon wat u kleuter afhaal, moet die uittekenregister teken. Indien u wel 'n krisis het en iets onverwags voorval, is u welkom om die ontvangs te kontak en 'n boodskap te laat.

### **Wenk**

Vra een van jou kleuter se maats se ouers om jou kleuter by die huis te gaan aflaai, of vra dat jou kleuter vir 'n klein rukkie by hulle huis kan bly tot jy kom. Hoe vinniger jy 'n ondersteuningsnetwerk opbou, hoe makliker. Sodoende sal 'n ander ouer ook weer vrymoedigheid hê om jou te vra om te help met vervoer. Die Dirkie-gemeenskap is 'n omgee-gemeenskap en die ouers help mekaar graag uit! Dit is vir 'n kleuter vreeslik sleg as hul laat gehaal word. Kleuters het nog nie 'n begrip van tyd nie. Vyf minute voel vir hulle soos 'n ewigheid.

## **6. Buitemuurse aktiwiteite**

Verskeie buitekurrikulêre-aktiwiteite word by die skool aangebied en is vir u eie rekening. Die aanbieding van hierdie aktiwiteite begin Februarie en sal elke 3de jaar hersien word. Demonstrasielesse word gedurende Januarie aangebied. U sal gereelde terugvoer ontvang van die betrokke aanbieders rakende u kind se vordering. Ons beveel aan dat die kleuters nie aan meer as twee aktiwiteite deelneem nie.

<b>Aktiwiteit</b>	<b>Kontakpersoon</b>	<b>Kontaknommer en e-pos</b>
Kinderkinetika	Moot-kinderkinetika	064 680 0809
Ballet	Lizet (Gr. R)Lizel (Gr.RR)	082 476 9255084 370 3641
Xperiland	Thea	074 476 4813
Playball	Natasha	082 566 6017
A+ Students Abacus Maths	Rachelle	074 956 0796
Just Click	Alida	083 294 5983
Rugby (RSD Youth Rugby)	Chris Engelbrecht	076 192 7607

Aansoekvorms vir die bogenoemde aktiwiteite is by die klasonderwyseres beskikbaar. Navrae in verband met die aktiwiteite (bv. betalings) word gerig aan die bogenoemde persone. Maandelikse/kwartaalikse betalings moet asseblief oorbetal word in die betrokke persone se rekeninge.

Geen kontant word aanvaar nie. Maak asseblief seker dat u kind die regte klere en skoene (indien nodig) aan het vir die betrokke aktiwiteite. U sal gedurende die eerste week van skool meer inligting ontvang rakende die aktiwiteite bv. die tye, waar en wanneer dit aangebied gaan word.

Inligting oor mini-netbal, bulletjie rugby en mini hokkie vir die Graad R-kleuters sal later in die kwartaal gegee word.

## 7. Benodigdhede:

Kleuterskool-skryfbehoeftepakket: U betaling dien as bestelling. Verwysing Famkode + KS pakket

### Gr RRRR

- A3 Voulêer (flipfile)
- Speelbal

### Gr. RRR

- A3 Dokument-lêr
- A3 Voulêer (flipfile)
- Speelbal

### Gr. RR

- A3 Dokument-leêr
- A3 Voulêer (flipfile)
- Speelbal

### Gr. R

- Speelbal
- Springtou-tou
- Fynmotoriese gereedskapkis
- A4-Voulêer 20 sakkies (flipfile)
- A4-Voulêer 30 sakkies (flipfile)
- A3-Voulêer 20 sakkies (flipfile)

### Bestel by die kleuterskoolpersoneel:


1 x Dirkielandpet



## 8. Dagprogram vir Graad RRRR (Goggatjie-klas) asook algemene inligting vir hierdie groep

### a. Ouderdom:

Enige peuter wat 2 jaar oud geword het, byvoorbeeld verjaar 16 Mei, mag vanaf 16 Mei in die Goggatjie-klas wees.






## 8.1 Graad RRRR-dagprogram

Tyd	Aktiwiteit
7:00 – 7:45	Oggendwagklas, aankoms en vryspel
7:45 – 8:00	Toiletroetine
8:00 – 8:30	Welkom, Bybelkring en weerkaart
8:30 – 9:00	Aktiwiteite: grootmotories en perseptueel
9:00 – 9:15	Toiletroetine
9:15 – 9:35	Buitespeeltyd
9:35 – 9:50	Toiletroetine
9:50 – 10:05	Kossie-tyd
10:05 – 10:35	Aktiwiteite: kreatief en sensories
10:35 – 10:50	Buitespeeltyd/binne vryspel
10:50 – 11:05	Toiletroetine
11:05 – 11:20	Storietyd
11:20 – 13:00	Slaaptyd
13:00 – 13:15	Peuters word wakker, peuselyd en toiletroetine
13:15 – 13:30	Totsiens, mamma-tyd. Vryspel in die klas
13:30 – 14:00	Vryspel in wagklas vir maats wie se mmmas eers tussen 13:30 en 14:00 kan afhaal.

## 8.2. Bottels en fopspene ("dummies")

- Peuters moet ten volle gespeen wees van hul fopspene. Geen fopspene word toegelaat nie.
- Tydens slaaptyd word hul toegelaat om nog 'n bottel te drink, hul sal geleidelik daarvan gespeen word.
- Formulemelk reeds afgemeet in houers. Indien u kind reeds beesmelk drink, moet die beesmelk ook reeds in die bottels na die skool gestuur word.



### 8.3. Etenstyd

- Die kleuterskool verskaf geen etes nie.
- Kossie-tyd: Peuters moet reeds tuis ontbyt geëet het. Daar is 2 etenstye:
- Kossie-tyd: 8:50 – 9:30
- Peuselyd is na slaapyd: tussen 12:45 - 13:00

### 8.4. Slaapyd

Die peuters slaap/rus tussen 11:00 en 12:45 op oorgetrekte matrassies. Die slope word gereeld gewas.

### 8.5. Toiletonderrig vir die 2-3 -jariges

U kleuter moet verkieslik reeds toiletonderrig ontvang het en indien moontlik van die doeke af wees. Ons besef nie almal kan hierdie mylpaal reeds teen twee jaar bereik nie. Stel ons daarom vooraf in kennis hoe ver u kleuter in die proses gevorder het. Ons gaan ons bes doen om hulle in die proses te begelei. Sommige kleuters raak dit sommer gou-gou baas en ander neem langer. Dit is moeilik aangesien onwillekeurige handeling nou willekeurig moet word.

**Benodighede vir toiletonderrig: (Die skool sal u vroegtydig in kennis stel wat aangevul moet word.)**

- 1 x Pak doeke van keuse
- 1 x Pak gekeurde doekesakkies
- 2 x Pakke “Wipes” van keuse. (Hou gewoonlik ‘n maand)
- Boudjiesalf van keuse
- 5 x Skoon stelle klere gemerk en in plastieksakkie geplaas, daaglik in hul tassie
- 5 x Onderbroekies/broekies gemerk, daaglik in hul tassie

Doeke, “wipes”, doekesakkies en salfies sal apart in ‘n gemerkte houer met die kleuter se naam op, gebêre word. Die juffrou sal u vroegtydig in kennis stel indien dit amper tyd is om weer van die benodighede aan te vul.

Ons beveel ‘n “non-spill Sippy cup” vir die peuterklas aan.

## 9. Dagprogram vir Graad RR - RRR

<b>7:00-7:40</b>	Aankoms en vryspel binne
<b>7:40- 8:00</b>	Opruim en toiletroetine
<b>8:00 - 8:30</b>	Bybel en kringtyd
<b>8:30 - 9:00</b>	Temabespreking/Beweging/Musiek
<b>9:00-9:30</b>	Etenstyd
<b>9:30 - 10:30</b>	Skeppende aktiwiteit en vryspel binne
<b>10:30 - 11:30</b>	Buitespel
<b>11:30 - 12:00</b>	Taal-en storietyd
<b>12:00- 13:00</b>	Rustyd
<b>13:00 - 13:30</b>	Huis toe
<b>13:30 - 14:00</b>	Wagklas

## 10. Dagprogram vir Graad R

<b>7:00-7:40</b>	Aankoms en vryspel binne
<b>7:40- 8:00</b>	Opruim en toiletroetine
<b>8:00 - 8:30</b>	Bybel-en kringtyd
<b>8:30 - 9:00</b>	Beweging/Wiskunde
<b>9:00-9:30</b>	Etenstyd
<b>9:30 - 10:30</b>	Skeppende kuns
<b>10:30 - 11:30</b>	Buitespel
<b>11:30 - 12:00</b>	Taal en Musiek
<b>12:00-12:30</b>	Storietyd
<b>12:30 - 13:00</b>	Rustyd
<b>13:00 - 13:30</b>	Huis toe
<b>13:30 - 14:00</b>	Wagklas

## 11. Die volgende aktiwiteite vorm deel van die Dirkie-kurrikulum:

- Elke dag 'n vertelling uit die Bybel, dit word chronologies aangebied, m.a.w. aan die begin van die jaar begin ons by die Skepping en eindig by die uitstorting van die Heilige Gees. Dit word in eenvoudige verstaanbare taal vir die kleuters vertel.
- Hulle leer ook Psalms aan.

Op Woensdae (Gr R) en Vrydae (Gr RRR en RR) is daar altyd iets spesiaals bv:

- **Wys en vertel:** Elke kleuter kry die geleentheid om iets te kom wys en vir die klas meer daarvoor te vertel. Kleuters se selfvertroue word so ontwikkel. (Goggas wys-en-vertel eers later in die jaar)
- Poppekas
- Uitstappies en instappies
- Bak en brou

## 12. Lys van Psalms

Weke	Graad RRRR	Gr RRR	Gr RR	Gr R
<b>1 en 2</b>	Ps. 116:1	Ps. 116:1	Ps 116:1	Ps 116:1
<b>2 en 3</b>	Ps 110:1	Ps. 100:1	Ps. 100:1	Ps. 100:1
<b>4 en 5</b>	Ps 134:4	Ps 134:4	Ps 134:4	Ps 1:2
<b>6 en 7</b>	Ps. 8:1	Ps. 8:1	Ps. 8:1	Ps. 8:1
<b>8 en 9</b>	Ps 9:1	Ps 9:1	Ps 9:1	Ps 9:1
<b>10 en 11</b>	Ps 100:2	Ps 100:2	Ps 100:3	Ps 100: 1 - 4
<b>12 en 13</b>	Ps 125:1	Ps 125:1	Ps 125:1	Ps 38:1
<b>14 en 15</b>	Ps 45:1	Ps 45:1	Ps 45:1	Ps 45:1
<b>16 en 17</b>	Ps 81:12	Ps. 81:12	Ps 81:12	Ps 81:12
<b>18 en 19</b>	Ps 105:1	Ps 105:1	Ps 105:5	Ps 105:1 en 5
<b>20 en 21</b>	Ps 23:1	Ps 23:1	Ps 23:1	Ps 23:1
<b>22 en 23</b>	Ps 84:1	Ps 84:1	Ps 84:2	Ps 84:1 en 2
<b>24 en 25</b>	Ps 25:2	Ps 25:2	Ps 25:2	Ps 25:2
<b>26 en 27</b>	Ps. 146:1	Ps. 146:1	Ps. 146:1	Ps. 146:1
<b>28 en 29</b>	Ps 18:1	Ps. 18:1	Ps. 18:1	Ps 122:1
<b>30 en 31</b>	Ps 150:1	Ps 150:1	Ps 150:1	Ps 150:1
<b>32 en 33</b>	Ps 43:3	Ps 43:3	Ps 43:3	Ps 46:1
<b>34 en 35</b>	Ps 91:1	Ps 91:1	Ps 87:1	Ps 48:1
<b>36 en 37</b>	Ps 33:1	Ps 33:1	Ps 124:1	Sb 28
<b>38 en 39</b>	Ps 47:1	Ps 47:1	Ps 47:1	Ps 47:1
<b>40 en 41</b>	Ps 145:1	Ps 145:1	Sb 4:1	Sb 14:1 en 2

## 13. Algemene riglyne en vereistes

### 13.1 Aanpassing

Die aanpassing by 'n nuwe skool en by 'n nuwe onderwyseres kan vir party kleuters 'n uitdaging wees en kan dalk 'n rukkie neem. U hoef nie daarvoor ontsteld te wees nie. Die personeel sal alles doen om hulle so gou moontlik tuis te laat voel en hulle behoort binne 'n paar dae aan te pas. Hou ons asseblief op hoogte van enige verandering tuis, byvoorbeeld nuwe werk, nuwe huis, nuwe baba, ensovoorts. Dit kan 'n groot impak op 'n kleuter hê en moet beslis nie onderskat word nie.

### 13.2 Aankoms en vertrek


Die kleuters moet asseblief by die deur afgegee en kom haal word. Dit gee geleentheid vir vinnige interaksie. U word vriendelik versoek om nie te lank afskeid te neem van u kleuter nie. Maak asseblief 'n afspraak indien u langer met die onderwyseres moet gesels, sodat ons sonder enige onderbreking kan gesels. Geen kleuter mag die terrein sonder toestemming verlaat nie.

### 13.3 Afvalmateriaal

Ons maak staat op ons ouers om bruikbare afvalmateriaal skool toe te bring. Klein boksies, materiaal, verpakkings, papierborde, papier, ou tydskrifte, kurkproppe, kartonne, x-strale, blikkies, plastieksakke en alles wat oulike teksture, vorms en oppervlaktes het, word verwelkom. Plaas materiaal in swart houers wat voorsien word.

### 13.4 Afwesighede

Stuur gerus 'n WhatsApp indien u kleuter siek of afwesig is. Leerders word aangemoedig om, so ver moontlik, elke dag skool by te woon. In geval van 'n aansteeklike siekte moet u die skool so gou moontlik in kennis stel. Indien u kind siek is, versoek ons vriendelik dat hy/sy tuis gehou word.



### 13.5 Assessering

Assessering (formeel en informeel) vind op 'n deurlopende basis plaas en ouderdomstoepaslike kriteria word as riglyne gebruik. Assessering is 'n proses bestaande uit die insameling, analisering en die interpretering van inligting wat ten doel het om onderwysers, ouers en ander belanghebbendes te help om beslissings aangaande die vordering van leerders te maak.

Assessering is ook om te bepaal hoe die Christelike vormende doel waarna ons by Dirkieland streef, gerealiseer het en waar daar aanpassings gemaak moet word in die opvoedingsproses.

Klaskamerassessering moet op die doeltreffendste en geskikste wyse 'n aanduiding van die kleuter se verwesenliking van die doelwitte wat gestel is verskaf, en verseker dat genoegsame bewyse deur 'n verskeidenheid assesseringsvorme verkry is.

Aan die einde van elke kwartaal, ontvang u 'n volledige verslag rakende u kind se vordering. Hierdie verslae moet geteken word en terug gestuur word skool toe.

U ontvang ook 'n A3-spoglêer met u kind se kunswerk in. Hierdie spoglêer moet aan die begin van 'n nuwe kwartaal teruggestuur word skool toe. U word vriendelik versoek om nie die kunswerke uit die lêer te verwyder nie. Aan die einde van 'n jaar word die kunslêer met die hele jaar se spogwerk huistoe gestuur. Dit is iets om op trots te wees.

Daar is 'n groot verskil tussen kuns en kreatief. Die onderwyseresse probeer om 'n mooi balans te handhaaf tussen die twee aspekte. Soms sal u dus 'n skeppende aktiwiteit terug kry wat nie lyk of dit iets uitbeeld nie, maar wees verseker u kleuter het hard gewerk aan potloodgrepe, gom aanwend, tekstuur vorm, knipwerk, eksperimenteer en meng van kleure en nog vele meer.

KUNS	VS	KREATIEF
<ul style="list-style-type: none"> <li>● Volwassene neem leiding</li> <li>● Baie dieselfde as die ander kleuters se eindproduk</li> <li>● Instruksies, eindproduk is bekend</li> <li>● Eindproduk belangriker as proses</li> <li>● Kopiëring en nabootsing</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>● Kreatief, uniek, oorspronklik</li> <li>● Kom van binne die kind af</li> <li>● Eindproduk is onbekend</li> <li>● Proses is belangriker as die eindproduk</li> <li>● Self-ekspressie/uitdrukking</li> </ul>

### 13.6 Barmhartigheid (Dirkies gee om)

Ons ondersteun verskeie liefdadigheidsprojekte en maak ook die kleuters bewus van liefdadigheid. U sal deur die loop van die jaar op hoogte gehou word van sulke projekte. So maak ons die kleuters van vroeg af bewus van ander se behoeftes en kweek ons 'n wonderlike gesindheid van liefde en uitreiking.

### 13.7 Beserings

- Waar 'n lewendige kleuter speel, is daar ongelukkig ook altyd die risiko van 'n besering.
- Toesig tydens binne- en buitenspel is van kardinale belang. Ons personeel is opgelei en vaardig in toesighouding en die leerders se veiligheid is uiters belangrik.
- Beserings waarmee ons soms te doen kry, is gestamppte tone, skrape en einas wat reggedokter kan word met pleisters en hope liefde.





### **Prosedures wat gevolg word:**

Ouers word in kennis gestel as 'n kind 'n besering (hoe gering ook al) opgedoen het. Die besering word in die beseringsboek aangeteken.

Indien ons vermoed dat 'n kind 'n fraktuur het, sal ons die ouers dadelik skakel. Indien 'n kind 'n kop oopval of steke benodig sal ons dieselfde prosedure volg, nadat die bloeding gestop is.

Indien kinders allergies is vir pleisters of ontsmettingmiddel, moet die ouer ons asseblief in kennis stel en alternatiewe middels saam stuur.

Die personeel en assistente beskik almal oor 'n vlak 1 of 2 noodhulpsertifikaat. Hierdie sertifikaat word elke 2de of 3de jaar hernu.

## **13.8 Dissipline**

Die woord dissipline is verwant aan die woord dissipel wat beteken om 'n gewillige volgeling te wees. Die jong kleuter word deur die gelowige ouer sowel as die onderwyseres gelei om 'n gewillige navolger van Jesus Christus te wees. Die primêre dissipline moet reeds by die huis gevestig word, die onderwysers bevestig en bou daarop voort. So word die jong boompies gevorm ooreenkomstig die eise van die Woord. Hierdie vorming is nie altyd vir die kleuter plesierig nie en hulle bied derhalwe ook weerstand.

Dissiplinerings van die kleuters geskied altyd in 'n liefdevolle geborge opbouende omgewing. Die enkeling se wangedrag mag nooit toegelaat word om die klassituasie te oorheers nie, want sodoende word die res van die kleuters ontnem van 'n koesterende omgewing.

Oortredings by die kleuterskool mag ook nooit deur onderwysers geignoreer word uit vrees vir die reaksie van die ouers nie. Die onderwyser staan hier in 'n heilige roeping om die kleuter te lei en te vorm.

Straf moet altyd in ooreenstemming met die oortreding plaasvind. Indien kleuters dus in die openbaar oortree, waar almal dit gesien het, moet dit ook in die openbaar liefdevol aangespreek word. So maak dit op almal 'n indruk. Soms is 'n teregwysing heeltemal genoeg, maar ander kere moet die kleuter meer ferm hanteer word en uit die situasie verwyder word.

Vorme van dissiplinerings sluit in; straf met die oog (blik van afkeuring is soms genoeg) straf met die woord (in duidelike taal word die gedrag afgewys) en straf met die daad (kleuter word verwyder uit die situasie of soms vir 'n rukkie onder toesig afgesonder) let wel, lyfstraf is in Dirkieland verbode.

Dit is baie belangrik dat vergifnis en gevolge van die verkeerde optrede van mekaar geskei word. Kleuters kan ook al begryp dat hulle vergewe kan word, soos Christus ons vergewe het, maar hulle moet ook leer dat daar gevolge is. Waar daar ernstige dissipline-uitdagings hom voordo, sal die ouers betrek word sodat die skool en gesin as 'n eenheid kan werk om die kleuter te begelei.

Daar word sover moontlik voorkomend opgetree deur basiese reëls neer te lê. Kleuters is dan bewus van wat reg en verkeerd is en kan hul verantwoordelikheid vir hul eie dade aanvaar. Dirkieland beskik oor 'n boeliebeleid en daar word jaarliks by die leerders 'n bewuswording gekweek deur middel van 'n poppekas of 'n opvoering.

Daar word dus reeds in die aanvangsfase klem gelê op die vestiging van 'n Dirkie-kultuur rondom dissipline, waarvan die grondbeginsels die Bybel is.

### **13.9 Fondsinsamelings**

Jaarliks word daar een groot fondsinsamelingsprojek aangepak in samewerking met Dirkieland se ouerkomitee. Die fondse word dan na gelang van die skool se behoeftes aangewend.

### **13.10 Gradeplegtigheid – Graad R**

Gedurende die laaste kwartaal sal daar 'n spoggerige Diplomaplegtigheid gehou word vir al ons trotse Graad R-leerders. Hul ontvang elk 'n diploma asook 'n fotopakket. Die datum sal vroegtydig aan u gekommunikeer word.

### **13.11 Herwinning**

Gereformeerde Skool Dirk Postma neem jaarliks deel aan 'n herwinningsprojek. Ons kweek van kleins af ook 'n bewustheid by die kleuters rakende herwinning. Dit lê ons na aan die hart en ons nooi graag alle Dirkie-kleuters en hul gesinne uit om ons te ondersteun in die verband. Indien 'n item nie op die lys hieronder verskyn nie kan dit ongelukkig nie herwin word nie.


#### **Herwinbare items:**

##### **1. Papier**

Wit kopieerpapier (heel of gesnipper)

##### **2. Glas**

Enige glasbottel of -houer soos byvoorbeeld die waarin konfyt, tamatiesous, mayonnaise, koffie, bier, koeldrank en wyn verpak word.



### **13.12 Instappies en spesiale dae**

Ons reël deur die jaar instappies, hou poppekas en hou ook sommer gereeld lekker piekniek en bied addisionele pretaktiwiteite aan. Die inligting sal betyds in die kommunikasieboekie deurgegee word.

### **13.13 Klasfoto's, Foto's, Sportfoto's en DVD**

Daar word jaarliks foto's van die leerders geneem. Indien daar 'n konsert is, maak Dirk Postma 'n DVD, wat te koop aangebied word. U sal vroegtydig in kennis gestel word, wanneer daar klasfoto's geneem word. Doen asseblief ekstra moeite met u kleuter se uitrusting en hare.

Neutrale klere sonder motiewe lyk ook baie mooier op foto's as klere met karakters op.



## 13.14 Klasse

Ons akkommodeer maksimum 24 leerders per klas. In die Gr RRRR is die maksimum 15 peuters. In die peuterklas is daar buiten die onderwyseres ook 'n assistent wat help. Indien die klasse 24 kleuters oorskrei, sal die klas in twee gedeel word. Die departementshoof sal dan saam met die klasonderwysers die klasindeling doen. Ons kan ongelukkig nie versoeke van ouers toestaan nie, die personeel is professioneel en weet hoe om die indeling so te doen dat dit in die beste belang van die kleuters is.

## 13.15 Kommunikasie-middele:

By Dirkieland is kommunikasie baie belangrik. Sodoende weet ons wat u kleuter se omstandighede is en kan ons dit gedurende die dag in ag neem. Verder voorkom goeie deeglike kommunikasie ook misverstande. Die volgende word gebruik om gereeld te kommunikeer:


- Skool se nuusbrief: Die info, 'n nuusbrief oor ons skool se doen en late, asook belangrike inligting word twee-weekliks gestuur.
- SMS'e, e-posse en whatsapp-groepe
- Kennisgewingsborde: Hou asseblief die kennisgewingsbord buite die skool se ingang dop
- Kommunikasieboekie: Aan die begin van die jaar ontvang elke leerder 'n kommunikasieboekie. U is welkom om met die betrokke onderwyseres te kommunikeer deur middel van 'n skrywe. Die boekie moet daagliks skool toe gestuur word, want belangrike inligting en dokumentasie sal gereeld daarin geplaas word. Elke leerder moet verantwoordelikheid neem vir hul eie boekie. Indien u kontant skool toe stuur moet dit asseblief in 'n gemerkte koevert in die boekie geplaas word. Voorkeurbetaling is egter metodes soos onder 3.1 genoem.


### Die volgende inligting word in die kommunikasieboekie gedeel:

- Temas en woorde van die liedjies en rympies wat weekliks aangeleer word.
- Skoolvakansies
- Personeel se verjaarsdae
- Spesiale dae en aktiwiteite, byvoorbeeld dat kleuters op sekere dae sekere klere moet aantrek.
- Die boekie word daagliks gekontroleer en is 'n kommunikasie-middel tussen ouer en onderwysers.
- Dit is u verantwoordelikheid om DAAGLIKS in die boekies te kyk vir nuus.

### Whatsapp:

- Elke onderwyseres skep aan die begin van die jaar 'n WhatsApp groepie vir die klas.
- Ons stuur op 'n gereelde basis belangrike inligting uit op hierdie WhatsApp-klasgroep.
- Die inligting word gewoonlik net aan die mammas gestuur. Hou asseblief die pappas, au pairs of oumas wat daagliks betrokke is op hoogte.
- Laat weet ons indien ons 'n pappa, au pair of ouma moet byvoeg op hierdie groepies.
- Moet asseblief nie vrae vra of persoonlike boodskappe op hierdie groep vra nie, aangesien hierdie slegs 'n vorm van kommunikasie vanaf die onderwyseres aan jul as mammas is.
- Stuur asseblief eerder 'n persoonlike boodskap via sms of whatsapp aan die onderwyseres.
- Moenie hierdie groepie gebruik om met die mammas in die klas te gesels nie.
- Gebruik die onderwyseres se persoonlike nommer en nie die whatsapp groep om te laat weet indien jul kleuter afwesig is nie.
- Laat weet ons asseblief indien jul selfoonnommer verander.





### 13.16 Kopluse:

Kleuters met kopluse of nete mag nie skool toe kom nie. Maak asseblief gereeld seker dat u kleuter nie kopluse het nie en indien wel, tref die nodige voorsorg en behandeling. As die personeel merk dat 'n kleuter kopluse/nete het, sal ons u in kennis stel en versoek om u kleuter onmiddellik te kom haal.

### 13.17 Kurrikulum

Die liefdevolle atmosfeer wat in 'n Gereformeerde skool soos Dirk Postma heers, skep die klimaat waarin Christelike opvoeding d.m.v. die aanbod van die kurrikulum kan plaasvind. Die belangrikste middel wat die kleuteronderwyseres sal gebruik om die liefde vir God, sy Woord en sy skepping te kweek is die **Bybelvertelling**. (Lees gerus Psalm 78: 3 – 4)

Kleuters moet van jongs af leer om met aandag en eerbied na God se Woord te luister, daarom word die Bybelverhale ook vertel. Verder speel gebed ook 'n belangrike rol in geloofsopvoeding. As die onderwyseres en die kleuters saam bid vir 'n siek maatjie of iemand wat swaar kry, word 'n geloofsband geskep. So word die kleuters gelei om ook te bid. Verder word hul gemotiveer om soms 'n teksvers te memoriseer en leer hulle ook Psalms aan, alles belangrike middele om die kernwaardes van die geloof aan te leer.

Ons wil elke peuter en kleuter deur ons kurrikulum inspireer, motiveer en uitdaag om leergierig te wees. Die goed saamgestelde kurrikulum streef daarna om jong breine ooreenkomstig hul ontwikkelingstadium optimaal te laat ontdek en te leer.

Die inhoud van die kurrikulum sal altyd gedryf word vanuit die oogpunt dat Christus die hoof is van alle dinge. In praktyk beteken dit dat wanneer kleuters oor die planete leer, hulle daarop gewys sal word dat dit 'n Skeppingswonder van die Here is. Wanneer sintuie behandel word sal hulle ook leer dat hulle hul ogies gebruik om die mooi en skone te waardeer of om te sien wanneer iemand hulp nodig het. Hulle sal egter ook leer dat mens se oë ook met die verkeerde besig kan wees en dat dit nie die Here eer nie. So word die Bybelse norme en waardes geïntegreer in elke les.

Die kleuters word by Dirkieland geleer om kreatief te dink en probleme in 'n stimulerende omgewing op te los. Leerders word aangemoedig om selfstandig opdragte uit te voer. Hier leer hulle ook die beginsel van gemeenskap van gelowiges as hulle in groepe saamwerk en mekaar ondersteun.

#### Die volgende voorgeskrewe leeruitkomst word bevorder:

- **Kommunikasie** (Luister en verstaan, praat en kommunikeer, betekenis, deel ervaringe en idees.)
- **Fisiese ontwikkeling** (Gesondheid en veiligheid, groot en fyn motoriese ontwikkeling.)
- Identiteit en geborgenheid (selfbewustheid en selfbestuur. Sosiale ontwikkeling en sosiale bestuur.)
- **Kreatiwiteit** (Daaglikse lewe en spel. Visuele kunste en uitvoerende kunste)
- **Gesyferdheid** (Hoeveelheid en getal, meting en patrone, vorms en ruimte, data en tyd.)
- **Leer oor die wêreld** (Eksperimentering en ondersoek, begrip en kennis en uitvoerende funksies.)

In die leerareas word daar ook aandag geskenk aan die **ag multi-intelligensies**. Die agt terreine is:

- taalkundig (woorde en taal);
- logies-wiskundig (logika en syfers);
- musikaal (musiek, klank en ritme);
- kinesteties (liggaamsbewegingsbeheer);
- ruimtelik-visueel (prente en ruimte);
- interpersoonlik (sosiaal);
- intrapersoonlik (bewustheid van eie individualiteit); en
- naturalisties (vermoë om aspekte in die natuur te onderskei).

### 13.18 Kleredrag en tasinhoud

- Ons Dirkie-kleuters dra gewone klere skool toe.
- Ons weet dat soos die kinders groei is daar soms nie genoeg "ou" klere nie, maar trek asseblief vir die kleuter klere aan waarvoor u nie te jammer is nie en wat maklik wasbaar is. Onthou dat hier GESPEEL word!
- Merk asseblief alle klere, skoene en kouse. Kom loer gerus in ons krat vir verlore klere indien u iets vermis.
- In die somer kan u gerus u kind kaalvoet skool toe stuur.
- Pak asseblief vir u kind daaglik 'n stel skoon klere en onderklere in en die tas moet groot genoeg wees om in die winter genoeg plek te hê vir al die warm klere.
- Geen hoë hakke (klik-klaks) en platvormskoene word toegelaat nie.
- Fantasieklere en aksiefiguurklere moet vermy word. Die skool het sy eie fantasiehoekie en kinders leer hier om met mekaar te deel.
- Trek asseblief vir u kleuter broeke aan wat maklik kan aan- en uittrek vir toiletroetine.
- Rek-tipe en toutjie-tipe broeke is baie gemakliker.
- Geen broeke met ritssluiters, knope en gordels word vir die 2-3 jariges toegelaat nie.
- Vir dogters: Dra verkieslik 'n broekie of "ski pants" onder 'n rompie of rokkie; oop magies is ontoelaatbaar.
- Reënstewels is slegs toelaatbaar as dit reën - dit beperk die kleuters se beweging.
- Hare - seuns: die seuns se hare moet kort en netjies gesny wees.
- Hare - dogters: die dogters met lang hare, se hare moet netjies vasgemaak wees.



### 13.19 Konsert of Revue

Dirkieland beoog om jaarliks 'n konsert aan te bied. Die konsert word na aanleiding van 'n tema beplan en elke leeder kry die geleentheid om deel te neem. Die Dirkieland-onderwyseresse doen baie moeite en ons leerders oefen almal saam. Aan die begin van die jaar word die tema bepaal en meeste van die liedjies en rympies word deur die jaar as deel van die normale lesse ingeoefen. Die gedagte is nie dat kleuters onder gespanne omstandighede ure moet voorberei aan 'n konsert nie.

Die laaste twee tot drie weke voor die konsert word die eindproduk van die jaar se oefeninge saamgesit en die konsert ingeoefen. Die liedjies se woorde sal in die kommunikasieboekie staan, sing dit gerus ook tuis saam met u kleuter.

Daar sal vooraf kaartjies verkoop word. Die fondse hieruit gegenereer, sal weer in die kleuterskool teruggeploeg word.

Indien die hele skool 'n Revue aanbied sal daar gedurende die betrokke jaar nie 'n afsonderlike kleuterskoolkonsert aangebied word nie.


### 3.20 Medikasie en allergieë:

Allergieë en ander chroniese siektetoestande moet aan die skool gekommunikeer word, sodat die onderwyseres daarvan bewus is. Siekte moet ook gekommunikeer word en indien nodig moet 'n doktersertifikaat verskaf word. In geval van byvoorbeeld 'n bysteek of waar ander noodmedikasie toegedien moet word, kan u gerus die medikasie en instruksies vir die onderwyseres gee. Sien toe dat die kleuter se naam, tyd van toediening, wyse van toediening, asook die dosis wat die kleuter moet ontvang, duidelik op die medisynehouer aangebring is. Dit is u eie verantwoordelikheid om die medikasie weer in die middag huis toe te neem. Dit sal deur die dag in die noodhulpkas toegesluit word.

Indien u kind 'n antibiotika-kursus moet voltooi en dit moet in skooltyd gebeur, moet u skriftelik toestemming gee dat dit toegedien mag word. Alle voorgeskrywe medisyne moet duidelik met die kind se naam gemerk word.

GEEN medikasie mag in 'n kleuter se tas / rugsak wees nie.

Vitamines moet deur die ouers gegee word en is nie die verantwoordelikheid van die skool nie. Medisyne wat vir twee maal per dag voorgeskryf is moet by die huis gegee word.



## 13.21 Naskool

- Daar is 'n naskooldiens beskikbaar vir die leerders. Die naskool vir die kleuters is tans onder leiding van mev Michelle Verhoef, die kleuterskool se assistent. Dit funksioneer op die kleuterskoolterrein vanaf 13:30 - 17:00
- Daar is ongelukkig geen naskoolfasiliteite vir die peuters (Gr RRRR) nie.
- Spasie is beperk en kan dus nie gewaarborg word nie.
- Daar is ook 'n diens vir dagbesoekers beskikbaar vir dié wat in noodgevalle van die naskool moet gebruik maak.
- 'n Naskoolaansoekvorm moet beide vir voldag- sowel as vir dagbesoekers vooraf ingevul word.
- Daar is ook 'n volledige naskoolinligtingstuk by die Dirk Postma naskool beskikbaar, kontak die naskoolhoof vir meer inligting.
- Dagfooie is beskikbaar vir korttermyn-oppasdiens.
- Stuur asseblief die kleuter se kospakkie vir die nasorgsentrum in 'n aparte kossakkie saam skool toe. Sodoende vermy ons dat u kleuter verward raak en nie weet watter kos vir die nasorgsentrum ingepak is nie.
- Die nasorgsentrum voorsien deur die loop van die middag water/sap/'n vrug aan die kleuters.

## 13.22 Ouerkomitee

Die doel van die ouerkomitee is om die onderwysers se hande te versterk en hulp te verleen waar jy kan. Natuurlik word daar ook fondse ingesamel waarmee die kleuterskool opgeknop en verfraai word.


### Hulp word verleen by:

- Opedae
- 2-3 koffiestalletjies per jaar
- Kleuterskool-kuieraand
- Graad R-gradeplegtigheid
- Etes by drie oueraande
- Instandhoudingsdag waar ouers en onderwysers saamwerk
- Juffrou-geskenkies

### Daar word aan die volgende fondsinsamelingsprojekte gewerk:

- Twee maal pouse-verkopings per jaar
- Wit-olifant-verkoping
- Stalletjies by atletiek en of ander sportdae

Daar word een maal per kwartaal 'n beplanningsvergadering van 18:00 – 20:00 gehou. Raak asseblief betrokke en kom help ons by die ouerkomitee.



### 13.23 Siek kinders

Kinders met enige aansteeklike siektes, koors of siekte van watter aard ook al moet asseblief tuis gehou word.

Kinders moet ook geïmmuniseer wees volgens gesondheidsvereistes. Dit is in al die maatjies se belang!

Ons beveel aan dat indien u kind baie moeg is, 'n slegte verkoue het of net sommer goor voel, dat u hom/haar eerder tuis hou.

Kleuters wat erg hoes, erge loopneuse, kopluse, veluitslae, ooginfeksies of ongestelde magies het, moet tuis gehou word, totdat dit opgeklar het. Hierdie toestande neig om die rondte te doen in 'n klas.

### 13.24 Son

Leerders moet daaglik 'n waterbottel skool toe bring. Vul dit asseblief met water (geen vrugtesap, milo, tee of koffie). Die bottels word elke dag in die klas gehou en leerders word aangemoedig om gereeld water te drink. Aan die einde van die dag word die bottels weer huis toe gestuur, sodat dit gewas kan word. Merk asseblief die bottel. Stuur asseblief ook op die warm somerdae 'n ekstra waterbottel met yswater skool toe. Ouers moet asseblief elke oggend sonroom vir die leerders aansit voor hul skool toe kom.



### 13.25 Speelterrein en speelyd

Ons leeromgewing is spesifiek ontwerp en uiteengesit om spel te gebruik as 'n leermiddel. Ons wil graag u kleuter aanmoedig om te eksplorieer, te eksperimenteer, te ontdek, planne te beraam, te innoveer, te skep, te bevraagteken en aan besprekings deel te neem. 'n Groot verskeidenheid aktiwiteite en toerusting van hoë gehalte, wat van toepassing is op u kind se ouderdom, word voorsien.

### 13.26 Speelgoed

Leerders moet asseblief geen speelgoed saambring skool toe nie. Dit kan net wegraak of 'n geveg en baie tranes veroorsaak. Die leerders moet ook nie die skool se speelgoed saam huis toe neem nie.

## 13.27 Terapeutiese Dienste

Dirk Postma beskik nie oor 'n leerderondersteuningsentrum nie, maar kan wel ouers met vrymoedigheid verwys na Opvoedkundige Sielkundiges, Arbeidsterapeute, Spraakterapeute en Remediërende opvoeders wat die kleuters met terapie kan help. Indien die onderwysers enige probleme of uitdagings opmerk, wat deur die bogenoemde dienste aangespreek kan word, sal dit met die ouers bespreek word. Die aanbeveling sal bespreek word en indien nodig, sal 'n verwysingsvorm ingevul word. Die verwysing word dan by die leerderondersteuningskomitee bespreek en 'n aanbeveling word gemaak. U ontvang dan 'n brief, waarin die aanbeveling asook die kontakbesonderhede van die terapeut genoem word.

Ons besef dit is 'n sensitiewe saak, kom gesels gerus indien daar kommer oor u kleuter is! Ons help graag waar ons kan!

Daar word ook op 'n jaarlikse basis dienste gelewer soos bv. oog- en gehoorsiftingstoetse teen 'n minimale fooi. Hierdie toetse is nie verpligtend nie, maar kan deur die betrokke onderwyseres aanbeveel word.


Graad R: Vaardigheidsontwikkeling word op verskeie vlakke bepaal, naamlik kognitiewe gereedheid, sosiale gereedheid, emosionele gereedheid asook sy/haar neurologiese ontwikkeling ('n onryp neurologiese sisteem kan 'n blokkasie in die prosesering van sensoriese inligting veroorsaak en tot bepaalde leerontwikkelingsagterstande lei). Indien 'n kleuter nie leergereed is nie kan hul een van talle leer- en emosionele probleme in hul skoolloopbaan vorentoe ontwikkel. 'n Vaardigheidsassessering kan areas wat verdere ontwikkeling benodig, vroeg identifiseer. Die doel van so 'n assessering is om 'n beeld te kry van die vermoëns van die skoolbeginner. Die toetsresultate kan dan ook as voorkomend en remediërend benut word. Spanning kan verminder word deur seker te maak dat die kleuter se ontwikkelingsvaardighede ouderdomstoepaslik is en hy/sy sodoende 'n positiewe ervaring van hulle skoolloopbaan mag hê.

Aan die einde van die eerste kwartaal sal die Graad R-ouers 'n brief rakende 'n vaardigheidstoets ontvang. Daarin word u uitgenooi om van die diens gebruik te maak, indien u sou belangstel. Die doel hiervan is om op 'n vroeë stadium in 'n kleuter se Graad R-jaar reeds uitvalle en moontlike probleemareas te identifiseer. Later in die jaar (September) sal die Graad R-onderwyseresse die kleuters verwys vir formele skoolgereedheidstoetse.



## 13.28 Versnaperings

- Leerders moet soggens tuis 'n gebalanseerde ontbyt nuttig. Ontbyt is die belangrikste maaltyd van die dag.
- U is self vir u kind se versnaperings verantwoordelik.
- Die inhoud van so 'n kosblik is vir ons baie belangrik en moet slegs gesonde en voedsame happies bevat.
- Pak sy/haar gunsteling (gesonde) versnapering in (byvoorbeeld 'n broodjie, vrugte, neute, droë vrugte, kaas, jogurt en provitas).
- Pak genoeg in, aangesien kleuters in die laatoggend gewoonlik weer ietsie wil nuttig.
- Geen gaskoeldrank, aanmaakkoeldrank, byvoorbeeld Oros, of energie koeldrank word toegelaat nie.
- Merk die kosblik en waterbottel duidelik.
- Versuikerde vrugtelekkers, sjokolade muffins en "breakfast biscuits" is nie voldoende vir 'n gesonde kospakkie nie.
- Stuur kos saam wat reeds gaar is!
- Lekkertjie-dag: Vrydae is lekkertjie-dag! Die kleuters mag slegs op Vrydae EEN lekker snoep-item in die kospakkie saamneem skool toe. Verkieslik nie suigstokkies nie. Die kleuters eet steeds vooraf gesonde kos.
- Eetgerei: Stuur asseblief die eetgerei vir die kos wat die kleuter het, skool toe, byvoorbeeld lepel vir joghurt, vurk vir pasta, ensovoorts.



## 13.29 Verjaarsdae

- Elke maatjie kry 'n verjaarsdagkroon op sy/haar verjaardag.
- U is welkom om iets vir die klas saam te stuur as u kleuter verjaar. U is ook verantwoordelik vir die papierborde (indien u koek saambring).
- Beperk te veel lekkergoed.
- Voorsien u kleuter wat allergies is, se eie lekkernye. Ons hou dit by die skool, sodat daar altyd tydens verjaarsdae/spesiale geleentheid vir hom/haar lekkernye is. Die onderwyser sal betyds met u kommunikeer wanneer 'n verjaarsdag plaasvind



### 13.30 Veiligheid

Alhoewel alle voorsorgmaatreëls moontlik getref word om die veiligheid van die kleuter te verseker, kan en word geen verantwoordelikheid aanvaar vir siekte en/of besering wat by die skool en/of tydens 'n uitstappie opgedoen kan word nie.

Ons almal se veiligheid is van uiterste belang, veral ons kinders s'n en al hoe ons werklik ons veiligheid kan verseker, is om die vloei van voete te beperk. Ons vra asseblief almal se samewerking in hierdie verband. Indien u u kind vroeër moet kom haal of later aflaaï moet u asseblief vooraf reël.

### 13.31 Wys-en-Vertel

Leerders kry elk 'n geleentheid om op 'n Woensdag vir Graad R en op 'n Vrydag vir die res van die maats iets skool toe te bring, waaroor hul graag wil gesels. Die doel is om die kleuters stelselmatig daaraan gewoond te maak om voor ander te praat, selfvertroue te gee en hul woordeskat uit te brei. Die kleuters mag speelgoed en interessante items skool toe bring hiervoor, maar daarna moet die kleuter dit in sy/haar tas bêre. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die items wat die kleuters skool toe bring nie. Moet asseblief nie duursame items skool toe stuur nie. Sien toe dat die item in die tas pas. Lewende hawe is nie geskik as 'n "wys-dag-item" nie.

## 14. WAT EK ALLES GEREED MOET HÊ VIR DIE EERSTE DAG VAN SKOOL

- Tassies/Sakkies:
- Ons vra dat ouers verkieslik die volgende grootte tassies aanskaf: 40 cm hoog en 30 cm breed.
- Hierdie grootte tasse pas gemaklik in die tasrakkies en word ook met gemak deur die kleuters hanteer.
- Elke kleuter kry 'n aparte hokkie met 'n simbool waarin sy/haar tassie kan plaas.
- Elke kleuter moet asseblief daaglik hul eie duidelik gemerkte sakkie skool toe bring.
- 2 Bokse snesies
- 1 Pak wet-wipes
- 1 x 500 ml savlon
- 1 Pak pleisters
- 1 Pak handdoekpapier
- 1 Rol swart sakke
- 1 Bottel vloeibare handseep
- 1 Ligte kombesie vir slaap/rustyd (bly die kleuter se eiendom)

#### Tasinhoud:

- Dirkie-kommunikasieboekie.
- Waterbottel vol water en 'n kosblik. Dit moet baie goed kan seël.
- Elke dag 'n stel skoon klere en onderklere – duidelik gemerk en in 'n plastieksakkie geplaas.
- Tassies moet asseblief groot genoeg wees dat al die bogenoemde daarin kan pas.
- Items wat ons benodig voor of op my eerste dag van skool:
- 1 x individuele foto van u kleuter (jumbo) (fotostaat is voldoende)
- 1 x (5 x 8) grootte gesinsfoto (fotostaat is voldoende)

## 'n Laaste word aan u as ouer

Berei u kleuter voor op die nuwe ondervinding. Laat u kleuter saam met u die skoolbenodigdhede koop, bv 'n tas.

Wanneer u u kleuter vir die eerste keer skool toe bring, vertoef net 'n paar minute, groet en sê vir u kleuter waarheen u gaan. Sê ook wat u gaan doen voor u hom/haar weer kom haal. Kleuters voel veilig as hulle weet waar u is. Vertrek dadelik nadat u gegroet het. Wees altyd betyds om u kleuter te kom haal. Wanneer al die maats weg is, sien 'n mens dikwels die onsekerheid in die ogies van die kleuters wat nog wag.

Stel die kleuterskool in kennis van enige veranderinge in die ouerhuis/familie - dit beïnvloed dikwels 'n kleuter se gedrag.

Gee aan u kleuter erkenning vir die kunswerke wat hy/sy gedurende skeppende aktiwiteit maak. Sodoende raak hulle trots op hul pogings en voel hulle belangrik en spesiaal. Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding is die belangrikste boustene vir 'n kleuter.

Onthou dat kleuters verskil. Sommige kleuters ontwikkel motories vinniger as ander, byvoorbeeld loop gou, skop bal en ry fiets voor sy maats. Ander kleuters praat vroeg, kommunikeer en verbaliseer maklik, terwyl sommige vroeg kan teken en lank kan konsentreer. Waak daarteen om u kleuter met sy maats te vergelyk, dit skep net onnodige spanning.

Kinders is 'n wonderlike seën uit die hand van die Here, mag u groot vreugde put uit elke stadium van u kleuter se ontwikkeling.

